Stella straat

Psalm 139:1-2

"Die kenner van my hart"

Tuis-Adoramus 25 Oktober 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "Die kenner van my hart"

Teks: Psalm 139:1-2

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,
Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

TEMA

DIE KENNER VAN MY HART

ONS LUISTER

Search me, o God. https://www.youtube.com/watch?v=QNqCvx_T46c

(luister tot by 0,57 of verder as jy wil)

ONS LEES OM ONS IN TE STEL

God is hier teenwoordig;
laat ons biddend nader,
hier waar ons voor Hom vergader.
God is hier teenwoordig.
Heilig is die Here;
buig in stilte, Hom ter ere!
(Lied 159:1)

ONS SKRIFLESING

HERE, U ondersoek my en U ken my.
U ken my sit en my opstaan;
van ver af verstaan U wat ek in gedagte het.
(Psalm 139:1-2)

ONS KYK WAT LINA SPIES DAARVAN GEMAAK HET

O HERE, U ken my volkome,
U sien tot in my wesensgrond.
U toets my hart, lees my gedagte
voor daar 'n woord kom uit my mond.
Waar ek my ook al wend of keer,
U is voortdurend by my, Heer.
(*Liedboek* 139:1)

ONS LUISTER

You know me, my Lord. https://www.youtube.com/watch?v=F4ScBPE9v_I
(spring oor die eerste 6 sekondes om die advertensies te vermy)

ONS MEDITEER

HERE, U ondersoek my en U ken my.
U ken my sit en my opstaan;
van ver af verstaan U wat ek in gedagte het.

ONS DINK VERDER NA

Het ek die diep, onuitspreeklike ervaring dat die Here my ken?
Beleef ek dat Hy oral in my lewe teenwoordig is?
Ervaar ek dat Hy weet wat ek nodig het?

GEBED

O, ewige en alomteenwoordige Here,
ek kom tot stilstand by die wete dat U my beter ken as wat ek myself ken, as wat enige mens my ken. Wat sien U nie alles in my hart nie, o Heer?
Daarom wend ek my na die gebed van die psalmdigter:
Kyk wat daar binne-in my is wat my bind en weg hou van die goeie,
en bevry my tog daarvan, al kos dit my pyn.
Lei my in my gedagtes, gevoelens en dade op u pad.
En ek wil byvoeg: Dankie dat U my so goed ken,
dat U so in my belang stel,
dat U weet wat ek nodig het en dit in my lewe inbring.
Amen.

ONS ONTVANG DIE HERE SE GOEDHEID

Numeri 6:24-26

> Die Here sal julle seën en julle beskerm;
> die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
> die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!